

tippet 100

"Vergelyk jouself met wie jy gister was – nie met wie iemand anders vandag is nie."

Ek lees in die week hierdie waarheid raak – dis goed gesê. Ons wêreld wil ons verlei om onself voortdurend ten opsigte van ander mense te meet. Dan voel ons te dom of te eenvoudig of te onbekwaam. Of dalk voel ons meerderwaardig en hoogmoedig.

Die eintlike vraag is of jy van gister af tot vandag toe gegroei het? Het jy gegroei in perspektief, insig, kennis of ervarings? Is jy vandag 'n beter weergawe van jouself?

Groei in diepte. Verander. Kyk nuut. Leef met nuwe perspektief.

Francois Retief

9 April 2018